



K7 Klankbaan

Uitgawe 07

Junie 2016

In Hierdie Uitgawe

- [Briefie in die Pos](#)
- [High Tea](#)
- [Telethon](#)
- [Radiothon](#)
- [Uit Bemarking Kantoer](#)
- [Wat lê nog voor?](#)
- [Pitkos](#)
- [Sosiale Media](#)
- [Kontak Ons](#)

Bid saam met jou man!

Een van die intiemste dinge wat paartjies saam, maar ook vir mekaar kan doen, is om te bid. Maar wát bid ek vir my maat? Hoe bid ek vir my maat as hy of sy my vies maak? Waar begin 'n mens. Ds. Bennie Mostert, skrywer van verskeie boeke oor gebed en onder andere ook die boek Doelgerigte gebed, sê dit is belangrik dat huweliksmaats eerstens hul eie lewe in lyn met God se opdragte wil vir jou as



man/vrou in die huwelik moet kry. "Jy kan nie met vrymoedigheid voor God staan en vir jou huweliksmaat bid as jy nie doen wat God van jou in die huwelik vra nie."

Bennie beklemtoon ook dat jy doelbewus moet kies vir jou huweliksmaat, selfs al hou jy nie op daardie oomblik meer van hom of haar nie. Dit is onmoontlik om met die regte gesindheid vir jou huweliksmaat te bid as jy nie onvoorwaardelik jou huweliksmaat en huwelik kies nie. Jy moet ook met eerlike en suiwer motiewe bid. Die regte motief is dat jou huweliksmaat se lewe God moet eer en nié dat God sy/haar lewe moet verander sodat jou lewe beter of lekkerder kan wees nie. Moenie jou eie selfsugtige begeertes bó die regte motiewe stel nie.

Luister na God, vra vir Hóm wat jy moet bid. Ons val te dikwels net weg met gebed, maar vra nie vir God, die Skepper van jou huweliksmaat, wat ons vir hom of haar moet bid nie.

God se standaard vir jou huwelik moet jul gebed-doelwit wees, niks minder nie, en omdat julle twee voor God een is,

moet jy ook nie jou huweliksmaat aankla voor God nie. Sonder liefde in jou hart kan jy nie bid nie. Kies om jou maat lief te hê, dan sal jy passievol kan bid vanuit 'n hart vol liefde.

Dank God vir jou man se rol in die huis en seën hom. Bid vir sy rol as eggenoot, pa en hoof van die gesin. Sy werk en al sy verantwoordelikhede. Bid vir hom vir die hantering van jul gesin se finansies. Die beskerming van sy denke, ook teen versoekings. Bid vir sy seksualiteit, reinheid en selfbeeld. Al sy planne en drome. Sy prioriteite en sy toekoms. Bid ook vir vervulling van die Gees en die keuses wat hy daagliks moet maak. Sy invloed op mense, en die wysheid en raad wat hy aan ander moet gee. Bid dat hy sy hart met jou sal deel en jou sal toelaat in sy leefwêreld. Vra jou man: "waarvoor kan ek vir jou bid" en sit dit by jou lysie.

Om saam te bid is die kragtigste ding wat jy kan doen vir jou huwelik. Dit bring julle nie net nader aan mekaar nie, maar versterk ook julle verhouding met God.

“Dank God vir jou man se rol in die huis en seën hom”

Om nié vir jou maat te bid nie, is soos om die stadsmure onbewaak te laat. Help jou maat deur hom of haar in gebed aan God op te dra, sodat julle ook sáám kan vashou aan gebed vir jul huwelik en lewe. Géén verhouding kan gebou word sonder kommunikasie nie, so bou jul eie verhouding sowel as jul verhouding met God deur voortdurende gebed-kommunikasie.

Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. –1 Korintiërs 13:4-7

“You can't put a limit to anything. The more you dream, the further you get”



High Tea 23 April 2016

Channel 7 hosted it's first English High Tea event on Saturday 23 April 2016 at the Parliament Garden.

The guest speakers for the afternoon was Gerry Elsdon, Baronice Hans and Leilanie Basson each with a very powerful inspirational message for the 170 ladies that attended. Jolene Nell of Jolene Nell Consultancy was the MC for the afternoon. Thank you Bank Windhoek for being the main sponsor for this prestigious event.



“Thank you Bank Windhoek for being the main sponsor for C7's first High Tea event ”



Oshiwambo Telethon

14 - 18 Junie 2016

Dankie Vader.

As ons sou terug kyk na elke oomblik wat die Here net in ge-gryp het en ons hoogste verwagtinge oortref het, kan ons net weer opreg dankie sê vir elk stukkie seëning.

Die Kanaal 7 Oshiwambo Telethon het op 14 Junie afgeskop en kon ons elke dag God se

goedheid, teenwoordigheid en guns sien oor Kanaal 7. Die Telethon het 'n fenomenale bedrag van N\$421,401.00 ingesamel.

Dankie, vir jou. Vir jou en jou geliefdes wat op een of ander wyse betrokke was by die Telethon en vir dit waarvoor God ons by Kanaal 7 geroep het.



Radiothon 2016



Vriend, dis alweer byna tyd vir Radiothon of soos ons met 'n bietjie vernuwing vanjaar gaan praat van "Radio dot On". Ons gaan so met die tyd die rede hiervoor verduidelik. Bly maar net luister en lees. Daar is 'n hele klompie dinamiese nuwe gedagtes saam met die Radiothon. Ek, en ons almal hier by Kanaal 7 is uiters bewus van die inpak wat die ekonomiese situasie op ons luisteraars en ondersteuners het. Of dit nou die droogte is, of dit die waarde van ons geldeenheid is wat die pryse van baie van ons goedere bepaal of dit die Britte is wat 'n finansiële tsunami veroorsaak het met hulle referendum en keuse om die EU te verlaat, en of dit maatreëls is wat al vroeër die uitvoer van ons boere, wie 'n groot aantal van ons ondersteuners uitmaak, is... die lewe is verseker nie maklik nie, maar dis so belangrik dat jy sal onthou waarom dit by Kanaal 7 gaan.

Soos met enige organisasie wat al lankal bestaan, en ons kom nou al 'n pad van amper 35 jaar, is dit altyd 'n uitdaging om mense betrokke te hou en opgewonde te hou. Die rede hoekom ons doen wat ons doen is die kern van alles waarmee ons besig is en dis belangrik dat jy dit sal verstaan. Ons het net een doel, een "hoekom", een rede of dan een "WHY". **Die Evangelie van Jesus Christus dmv die moderne Media.** Daar is soveel bewyse dat dit wat Kanaal 7 doen effektief is en 'n inpak het, ons kan nie een oomblik verslap nie. Ons kan nie die voet van die petrol afhaal nie...dit sal fataal wees. Ons besef mos nou dat ons ondersteuners, ons luisteraars, ons vriende wil sien dat ons voort bou op waarmee die Here ons toevertrou...daarom wil ek vandag 'n baie belangrike versoek aan jou en getroue en aan al ons ondersteuners rig: Die aantal mense wat jaarlik betrokke is by die Radiothon is slegs 'n klein deeltjie van ons totale luisteraars. Ek vra vandag vir jou as luisteraar, as jy steeds saam met ons hierdie uitdaging aanvaar, as jy saamstem met dit wat God ons voor geroep het, wil jy nie help om net vyf ander persone te motiveer om vanjaar 'n bydrae tot die Radiothon te maak nie. Dis vandag en vir die volgende 3 weke die uitdaging waarmee ek jou wil konfronteer. Bid vir elkeen wat betrokke is, bid vir die organisasie van die Radiothon, bid dat mense sal verstaan hoekom ons doen wat ons doen....

Ek vra vandag...dat jy ons hande sal kom help ophou...want alleen kan ons nie...Ons hier by Kanaal 7 het jou nodig om ons hande omhoog te hou sodat elkeen wat besig is om 'n verskil te maak, dit onverskrokkende kan doen. **Exo 17:11 en 12 En telkens as Moses sy hand ophou, was Israel die sterkste; maar as hy sy hand laat sak, was Amalek die sterkste. Maar die hande van Moses het swaar geword; daarom het hulle 'n klip geneem en dit onder hom neergelê, dat hy daarop kon sit. En Aäron en Hur het sy hande ondersteun, die een duskant en die ander anderkant. So het sy hande dan vas gebly tot sonder.**

Neal vd Berg
Kyk gerus na ons K7 video

Klik op die prent



Mens kan amper nie glo dit is weer Radiothon tyd nie. Die aftelling het begin, die organisasie is aan die gang, die spanne is in plek, dit voel amper soos ons eie Olimpiese Spele. Die Kanaal 7 personeel fokus intens op die organisering en voorbereiding vir die 2016 Kanaal 7 Radiothon. Ons soek werklik die Here se aangesig, individueel en as personeel. Neal, Magda en Stefan het kilometers vër gery om die Senderkomitees te besoek in ons land. Telefoonlynne word gê-installeer, dokumentasie word gereed gekry en dan wag ons vir die groot dag. Ons weet so goed dat al werk ons hoe hard, as God nie hier in is nie, dit alles tevergeefs is en sonder hom kan Radiothon nie 'n sukses wees nie. Ons glo en vertrou dat die uiteinde gaan wys dat al die werk nie tevergeefs was nie, dat God in dit is en dat al die EER en LOF Hom toekom. Ons sê ook sommer nou al dankie vir elkeen wat deel maak van hierdie groot familie. Dit is God se saak en al die eer vir dit wat gebeur is Syne.

Ons is baie opgewonde oor 'n paar goed wat hierdie jaar anders gedoen gaan word. Ons werk baie hard en probeer om vanjaar die veilings-items op 'n internet veilings-basis ook te laat geskied, (Facebook, Twitter ens.) Radiothon sal sterk bemark word op Sosiale Media en op die manier kan al ons luisteraars regoor die wêreld saam Radiothon hou. Hou gerus ons Facebook en Twitter blad dop en maak 'n draai op ons Radiothon Blog en volg ons op #radiok7on. (Klik op die Radio.ON prentjie om ons Blog te besoek)

Uit Bemarking Kantoor

Wanneer jy as kliënt 'n nuwe perseel of produk wil bekendstel, is 'n uitsending op jou perseel, saam met Kanaal 7 die antwoord!

Jy kry: 'n 30 sekonde produksie, 30 advertensie plasinge vóór die uitsending, en 2 promosie praatjies die week vooraf.

Die dag van uitsending het jy 3 ure om saam met 'n omroeper van Kanaal 7 vir die luisteraars te vertel van jou produk. Gedurende die 3 ure skakel ons 9 keer oor na die ateljee om die Kanaal 7 luisteraars op hoogte te hou.

Dís nou waarde vir jou geld!

Tevrede kliënte wat vanjaar van Kanaal 7 se Buite Uitsendings pakket gebruik gemaak het, is: Rhona en André het by Windhoek Afrikaanse Privaat skool gaan kuier tydens hulle verjaarsdag;

The Tea Pot het 'n koek proe-geleentheid aangebied en daar is behoorlik gesmul aan al die soetgoed; en

Pupkewitz Auto open hulle deure vir 'n eerste keer en Charlie kuier saam met die manne.

Kontak die Bemarkingsafdeling van Kanaal 7 vir 'n buite uitsending by 061-420 850 of stuur 'n epos aan tresa@k7.com.na



Wat lê nog voor?



Ons toer weer in Augustus. Ons het nog altyd geglo dat geleenthede soos hierdie die moeite en tyd werd is omdat daar soveel vriendskappe gevestig word wat nie met geld gekoop kan word nie. Die Namakwaland Blomme en Gospel Skouspel toer is een van hierdie uitsonderlike geleenthede waar ons iets van God se skepping kan beleef wat min ander mense die voorreg het om te doen. Moenie hierdie merkwaardige toer misloop nie. Die toer vind plaas vanaf 29 Augustus tot 5 September 2016 . Skakel nou vir Juanita by (061) 420 850 om jou plek te bespreek.

Sosiale Media


Luister na Teens@7 aanlyn

VOLG Kanaal 7 op Twitter



LIKE Kanaal 7 op Facebook

Luister na Kanaal 7 aanlyn



Kontak Ons

Epos: juanita@k7.com.na

Luister aanlyn: www.k7.com.na

Kontak Nommer: (061) 420 850
Faks Nommer: (061) 240 190

Posbus 20500
Windhoek
Namibië

Ara straat
Doradopark
Windhoek

Die radiostasie in diens van
Jesus Christus!



Wildsveiling

Augustus
Kanaal 7 & Namagri
Wildsveiling
13 Augustus 2016

Loslitdag

Oktober
Kanaal 7 & NOAH
Loslitdag
28 Oktober 2016

Kusuitdendings

Kanaal 7
Kusuitsendings
12 Desember 2016 -
5 Januarie 2017



Radiothon Dankdiens

Radiothon Dankdiens
saam met
Willie Joubert
7 Augustus 2016

Tente vol Presente

September
Kanaal 7 & Agape
Tente vol Presente
29 Sept.– 1 Okt. 2016



Stil word, is sterk word!

Stiltetyd is jou kuintjie by God wanneer jy na Sy stem luister. Dis jou krag vir elke dag wat jou sterk maak vir die lewe.

Jou idee van stiltetyd kan die salige stilte wees nadat die kinders gaan slaap het. Of die uurtjie ná werk wanneer jy by die huis jou skoene uitskop en met 'n koppie tee ontspan. Maar dit hou ook baie meer in. Dis wanneer jy soveel moontlik geraas en steurings uitskakel sodat jy kan hoor wat God vir jou wil sê. Hoe jy julle kuier-tyd gebruik, is jou eie keuse. Jy kan saam met 'n geestelike CD sing, bid of die Bybel lees, of sommer net stil sit en luister. Die belangrikste is dat jy elke dag 'n tydjie opsy sit om weer jou geestelike tenk vol te maak.

Die lewe is vol geraas wat jou aandag gedurig aflei. Jou selfoon biep aanhoudend soos die boodskappe deurkom, die TV blêr, daar is motors wat toet en die stofsuiers raas. Satan wil nie hê jy moet dit regkry om rustig by jou Pa te kuier nie; daarom sal hy jou op elke moontlike manier probeer keer. Hy weet hoe meer tyd jy saam met jou Hom deurbring, hoe meer sal jy soos Hy word. Uiteindelik sal jy die droom verweselik wat lank terug al vir jou beplan is.

Stiltetyd elke dag berei jou hart voor om te luister. Jy hoor Hom dalk in daardie stil tye met jou praat of eers later in die dag deur 'n vriend of iets wat gebeur. Omdat jy julle kuier-tyd voorrang gee en moeite doen om die wêreld uit te sluit, sal Hy seker maak dat jy Hom wel kán hoor.

**“Stiltetyd berei
jou hart voor
om te luister”**